

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 15

### Jesus voor Pilatus
### (Matt. 27:1-2,11-14; Luk. 23:1-5; Joh. 18:28-38)

1 Die môre vroeg het die priesterhoofde saam met die familiehoofde en die
skrifgeleerdes dadelik as volle Joodse Raad 'n vergadering gehou. Hulle het Jesus
geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus uitgelewer.
2 Pilatus het vir Hom gevra: "Is jy die koning van die Jode?"
Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê."
3 Die priesterhoofde het Hom van baie dinge beskuldig. 4 Pilatus het Hom toe verder
ondervra. "Verweer jy jou glad nie?" het hy gevra. "Kyk waarvan beskuldig hulle jou
alles."
5 Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat Pilatus verbaas was.

### Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word
### (Matt. 27:15-26; Luk. 23:13-25; Joh. 18:38 – 19:16)

6 Elke paasfees het Pilatus vir die mense een gevangene, die een wat hulle gevra
het, losgelaat. 7 Daar was 'n man met die naam Barabbas in die tronk saam met
ander opstandelinge. Hulle het tydens die opstand moord gepleeg. 8 Daar het toe juis
'n klomp mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle te doen wat hulle van hom
gewoond was. 9 Pilatus vra hulle toe: "Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir
julle loslaat?" 10 Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het.
11 Hulle het die mense egter opgesteek om te vra dat hy liewer Barabbas vir hulle
moet loslaat.
12 Pilatus het weer vir hulle gevra: "Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat
julle die koning van die Jode noem?"
13 "Kruisig hom!" skreeu hulle.

[14]“Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen?” vra Pilatus hulle.
Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!”
[15]Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat
en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

## Die soldate bespot Jesus
## (Matt. 27:27-31; Joh. 19:2-3)

[16]Die soldate vat Jesus toe in die binnehof van hulle hoofkwartier in en roep die hele
afdeling bymekaar. [17]Toe trek hulle Hom 'n pers mantel aan en vleg 'n doringkroon
en sit dit vir Hom op. [18]Daarna het hulle Hom begin begroet en gesê: “Ons groet u,
Koning van die Jode!”
[19]Hulle het Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop geslaan en op Hom gespoeg en
hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys. [20]Nadat hulle Hom klaar
bespot het, het hulle die pers mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom
aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

## Jesus word gekruisig
## (Matt. 27:32-44; Luk. 23:26-43; Joh. 19:17-27)

[21]Die soldate het iemand wat daar verbygekom het, gekommandeer om Jesus se
kruis te dra. Dit was Simon van Sirene, wat van buite die stad af gekom het, die pa
van Aleksander en Rufus.
[22]Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken. [23]Hulle wou vir
Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie. [24]Toe kruisig hulle Hom
en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry.
[25]Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het. [26]En die rede waarom Hy
gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: “Die koning van die Jode.”
[27]Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en een links van
Hom.
[29]Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud
en gesê: “Toe, jy wat die tempel afbreek en in drie dae weer opbou! [30]Red jouself en
kom van die kruis af.”
[31]Net so het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar gesê:
“Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie! [32]Laat die Christus, die koning van
Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!”

Die twee wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ook beledig.

### Jesus sterwe

### (Matt. 27:45-56; Luk. 23:44-49; Joh. 19:28-30)

33Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het
tot drie-uur geduur. 34Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá
sabagtani?” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?
35Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar,
hy roep vir Elia.”
36Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in suur wyn gesteek en dit vir Hom op
'n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis
kom afhaal.”
37Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.
38Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur.
39Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien
uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”
40Daar het ook vroue op 'n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria
Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses, en Salome. 41Toe
Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg.
Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

### Jesus word begrawe

### (Matt. 27:57-61; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)

42Dit was Vrydag, dit is die dag voor die sabbatdag, en dit was al die middag laat.
43Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van die Joodse Raad en iemand wat
self ook uitgesien het na die koms van die koninkryk van God, kom toe daar aan. Hy
het dit gewaag om na Pilatus toe te gaan en die liggaam van Jesus te vra.
44Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy al dood is. Hy het die offisier laat roep en
hom gevra of Jesus lankal gesterwe het. 45Toe hy van die offisier verneem dat dit
wel so is, het hy die lyk vir Josef gegee.
46Josef het 'n stuk linne gekoop, Jesus van die kruis gaan afhaal, Hom in die linne
toegedraai en neergelê in 'n graf wat in die rots uitgekap was. Hy het 'n klip voor die
ingang van die graf gerol. 47Maria Magdalena en Maria die moeder van Joses het
gestaan en kyk waar Hy neergelê word.

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 15:1

Hoekom het die Joodse Raad Jesus na Pilatus» die Romeinse goewerneur. gestuur? Die Jode was nie by magte om die doodstraf op te lê nie. Daarom moes Jesus deur 'n Romeinse gesagsfiguur ter dood veroordeel word. Die Joodse leiers wou hé dat Jesus moes sterf, sodat hulle ongesteurd kon voortgaan met die godsdienstige lewe in Judea. Hulle moes die mense wat aan Jesus se kant was, oortuig dat Hy deur God vervloek is en aan 'n kruis moet sterf (Deut. 21:23).

### 15:3-4

Die Joodse Raad moes nuwe leuens teen Jesus uitdink voordat hulle Hom na Pilatus kon neem. Die Romeinse goewerneur as verteenwoordiger van die keiser sou hom nie steur aan 'n klag van godslastering nie, en daarom het hulle drie ander aanklagte geformuleer. Hulle het gesê (1) dat Hy die mense aangehits het om nié belasting aan die Romeinse owerheid te betaal nie; (2) dat Hy Homself as die koning van die Jode beskou het; en (3) dat Hy opstande oral in die land aangehits het. Hierdie drie aanklagte - belastingontduiking, verraad en terrorisme - sou beslis Pilatus se aandag trek.

### 15:5

Hoekom het Jesus nie op Pilatus se vrae geantwoord nie? Dit sou Hom niks gehelp het om daarop te antwoord nie. en die tyd het in elk geval aangebreek om sy lewe te gee, sodat die wêreld gered kon word. Daar was dus geen rede waarom Hy die verhoor moes uitrek of Homself moes red nie. Hy was 'n volmaakte voorbeeld van selfversekerdheid en vrede, en dit was iets wat deur geen misdadiger nagedoen kon word nie. Niks sou Hom verhinder om die taak waarvoor Hy aarde toe gekom het, uit te voer nie (Jes. 53:7). Jesus was immers koning in 'n heel ander betekenis as wat 'n aardse bewindhebber dit IS.

### 15:7

Barabbas is gevange geneem omdat hy deelgeneem het aan 'n opstand teen die Romeinse owerheid. Hoewel hy waarskynlik moord gepleeg het, was hy seker vir die Jode 'n held. Dit was vir die trotse Joodse volk iets vreeslik om onder die beheer van

'n heidense volk te staan, omdat daar vir hulle net een koning, naamlik God, kon wees. Hulle het die belastingstelsel gehaat, want hulle geld het gehelp om die gehate regering en sy afgodstempels in stand te hou. Die meeste van die Romeinse gesagvoerders het die Jode net soveel gehaat as wat die Jode hulle gehaat het. Die tyd was dus ryp vir 'n opstand en deelnemers daaraan sou as helde vereer word.

### 15:8

Hierdie mense was waarskynlik lojaal teenoor die Joodse geestelike leiers. Waar was Jesus se volgelinge wat Hom enkele dae tevore nog geprys het (11 :9)? Hulle was bang vir die geestelike leiers en het gaan wegkruip. Dit is ook moontlik dat daar wél baie van die mense teenwoordig was wat Jesus tydens sy intog in Jerusalem geprys het, maar dat hulle almal teen Hom gedraai het omdat hulle besef het dat Hy nie 'n (aardse) koning sou wees nie. Hy sou nie aan hulle behoeftes kon beantwoord nie.

### 15:10

Die Jode het Pitatus gehaat, maar hulle het tog verwag dat hy Jesus vir hulle ter dood moes veroordeel. Pilatus kon duidelik sien dat Jesus onskuldig was. Om watter ander rede sou hierdie mense, wat hom so verskriklik gehaat het, hom dan vra om 'n mede-Jood op 'n aanklag van verraad skuldig te bevind en ter dood te veroordeel? Die Joodse leiers het ook met 'n propaganda veldtog die volk opgesweep en beïnvloed om liewers vir Barabbas as Jesus te kies.

### 15:13

Mense wat opstandig teen die Romeinse regering was, is gewoonlik gekruisig. Slegs slawe en ander mense wat nié Romeinse burgers was nie, kon egter gekruisig word. As Jesus aan 'n kruis sou sterf, sou Hy dus soos 'n slaaf en rebel sterf, en nié soos 'n koning nie. Dit was presies wat die Joodse geestelike leiers wou hê, en daarom het hulle die skare so opgesweep. Hulle het ook geweet dat 'n, kruisdood die indruk sou wek dat die Romeine vir Jesus se dood verantwoordelik was, en dan sou die volk nie agterna 'n vinger na die Joodse geestelike leiers kon wys nie.

15:15

Judea, die gebied onder Pilatus se beheer, was nie veel meer as net 'n uithoek van die magtige Romeinse Ryk nie. Dit was baie ver van Rome af, en daarom het Pitatus slegs oor 'n klein leër beskik. Sy belangrikste taak was om net die vrede te bewaar. Ons weet uit geskiedkundige geskrifte dat Pilatus reeds deur Rome gewaarsku was, omdat daar opstande in sy gebied voorgekom het. Hy het goed geweet dat Jesus onskuldig was, maar het tog aan die eise van die Joodse leiers toegegee, omdat hutte gedreig het om hom by die keiser te gaan verkla (Joh. 1 9:12). So 'n klagte kon hom sy posisie - en al sy ambisie - kos, veral as dit nog gepaard sou gaan met 'n opstand.

15:15

Jesus was onskuldig volgens die Romeinse reg. Pilatus het dus teen sy beterwete opgetree en aan die Jode toegegee.

15:15

Wie het almal 'n aandeel gehad aan Jesus se dood? Sy dissipels het Hom uit vrees in die steek gelaat. Petrus het selfs ontken dat hy Jesus ken. Judas het Hom verraai. Al die mense wat agter Hom aangeloop het, het net daar gestaan sonder om iets te sê om Hom te verdedig. Pitatus het probeer om die skuld op die Joodse skare te sit. Die Joodse geestelik leiers het "oortyd" gewerk om te verseker dat Jesus dood gemaak word. Die Romeinse soldate het Hom gemartel. Om iemand te gesel beteken om hom met 'n kats te slaan wat bestaan het uit 'n bondel smal riempies met stukkies yster of been aan die punte daarvan.

15:21

Daar was ook  Joodse gemeenskappe buite Judea. Simon het van Sirene in Noord-Afrika af gekom en was vir die paasfees in Jerusalem. Sy seuns Aleksander en Rufus word hier genoem omdat hulle moontlik aan die lesers van die vroeë kerk bekend was (Rom. 16:13). Die persoon wat gekruisig gaan word, moes self die dwarsbalk van sy kruis dra. As gevolg van die geseling was Jesus te swak om sy dwarsbalk enduit te dra.

### 15:22-23

By die heuwel wat soos 'n kopbeen lyk, gaan hulle Jesus kruisig. Die wyn en mirre mengsel was pyn verdowend. Jesus weier dit en dra dus sy pyn by sy volle bewussyn.

### 15:24

Die soldate het lootjies getrek om te bepaal wie Jesus se klere sou kry. Die Romeinse soldate kon die klere van die gekruisigdes vir hulleself neem. Daardeur is die profesie van Psalm 22:19 vervul.

### 15:25

Kruisiging was 'n skandelike en gevreesde straf. Die slagoffer is gedwing om sy kruis (gewoonlik net die dwarsbalk) met die langste pad na die plek van kruisiging te dra. Dit moes dan as waarskuwing vir almal dien. Kruise Is in verskillende vorms gemaak en mense is ook op verskillende maniere gekruisig. Jesus is aan sy kruis vasgespyker, hoewel ter dood veroordeeldes soms met toue aan hulle krulle vasgemaak is. Hoe dit ook al sy, die slagoffers het gewoonlik versmoor omdat hulle liggaamsmassa vanweë die liggaamshouding aan die kruis dit al hoe moeiliker gemaak het om asem te haal, veral namate hulle swakker geword het, sodat hulle aan asemnood gesterf het.

### 15:26

Die terdoodveroordeelde se oortreding is op 'n bordjie geskryf en om sy nek gehang en dikwels bokant sy kruis aan 0egebring as waarskuwing vir almal. Jesus was nie aan enigiets skuldig nie. Die enigste “misdaad” wat hulle bokant sy kruis kon aanbring, was dat Hy die koning van die Jode was.

15:27

Rowers, in hierdie geval. moet waarskynlik verstaan word as mense wat die Romeine van hulle bewind wou beroof. Hulle is dus "terroriste". So iets was wet met die dood strafbaar, maar nie gewone rowery nie.

15:31
Die lede van die Joodse Raad is spottend: Jesus het andere gered maar kan Homself nie red nie. Jesus sou Homself kon red maar Hy gaan die lydenspad enduit om die prys vir sonde te vereffen.

15:32
Toe Jakobus en Johannes vir Jesus gevra het om vir hulle in sy koninkryk die ereplekke aan sy linker- en regterkant te gee, het Hy gesê dat hulle nie weet wat hulle vra nie (10:35-39). Noudat Jesus op die punt was om sy koninkryk deur sy dood tot stand te bring, word die plekke aan sy regter- en linkerkant ironies genoeg deur twee sterwende misdadigers ingeneem. Dit toon duidelik dat Jesus vir alle mense gesterf het. Hy het ook vroeër vir sy twee ambisieuse dissipels verduidelik dat enigeen wat na aan Hom wil wees, bereid moet wees om, soos Hy. te ly en te sterf.

15:32
Lukas vertel vir ons dat een van die twee misdadigers voor sy dood berou oor sy sonde gehad het en dat Jesus toe belowe het dat hy daardie selfde dag saam met Hom in die paradys sou ingaan (Luk 23:39-43).

15:34
Jesus het nie dié vraag in wanhoop of verbasing gevra nie; dit was 'n aanhaling uit Psalm 22:2. Die hele Psalm is trouens 'n profesie wat handel oor iemand se ontsettende lyding vir die sonde van ander. Jesus het geweet dat Hy tydelik van die Vader geskei sou word, wanneer Hy die sondes van die wêreld op Hom neem. Dit was hierdie skeiding wat tydens sy gebed in Getsemane soveel droefheid en ontsteltenis by Hom veroorsaak het. Die liggaamlike pyn wat Hy moes verduur, was verskriklik, maar die skeiding van God was die ergste lyding van alles. Jesus vertrou egter sy Vader om Hom deur dié lyding heen te begelei. Jesus se uitroep" Eloi" is die Aramees vir "My God", al klink dit ook soos die naam Elia.

15:37
Hierdie harde uitroep van Jesus was waarskynlik sy laaste kruiswoord, naamlik:" Dit is volbring!" (Joh. 1 9:30). Johannes het aan dié finale diep kreet woorde gegee.

### 15:38

Daar was 'n swaar gordyn of voorhangsel tussen die gebied bekend as die Heilige en die Allerheiligste in die tempel. Dit was dié deel wat God vir Homself afgesonder het. God is op simboliese wyse deur dié voorhangsel van die sondige mensdom geskei. Slegs die hoëpriester kon in die Allerheiligste ingaan, en dan ook net een keer per jaar, op die versoendag. Dan het hy daarbinne 'n offer gebring om boete te doen vir die sondes van die hele volk. Dié voorhangsel het met Jesus se dood in twee geskeur. Dit was die aanduiding dat ons danksy sy dood vir ons sondes, direk tot God kan nader. Dit word nog duideliker omskryf in Hebreërs 9. God het deur Jesus se offer dié skeiding verwyder- Hy verwyder trouens uiteindelik die hele tempel (Op 21:22).

### 15:39

'n Sekere Romeinse offisier was in bevel van die gebeure by Jesus se kruisiging. Sy uitspraak dat Jesus die Seun van God is, is sekerlik die hoogte punt van die vertelling volgens Markus. Sy verhaal wou dit juis tuisbring dat Jesus die Seun van God is.

### 15:40-41

Is dit nie merkwaardig dat vroue so 'n prominente plek inneem in al die vertellinge oor Jesus se lyding nie?

### 15:42-43

Die sabbat het geduur van Vrydag sononder tot Saterdag sononder. Jesus het enkele ure voor sononder op daardie Vrydag gesterf. Dit was strydig met die Joodse wette om op die sabbat werk te verrig of te reis, maar dit was ook teen die wet om 'n lyk aan 'n kruis te laat hang (Deut. 21;23). Josef wat vanaf die dorpie Arimatea gekom het, het Jesus se liggaam gaan haal en dit voor die aanbreek van die sabbat begrawe. As Jesus op die sabbat gesterf het, met ander woorde op 'n tyd toe Josef nie beskikbaar kon wees nie, sou die Romeine net sy liggaam van die kruis afgehaal het. As dit gebeur het. sou die Jode nie kon sien dat Hy waarlik gesterf het nie, en dan sou hulle moontlik nog 'n rede gehad het om die opstanding in twyfel te trek.

15:42-43

Josef van Arimatea, lid van die Joodse Raad, kan waarskynlik as 'n geheime dissipel beskou word. Hy was nie gediend met die Joodse Raad se uitspraak teen Jesus nie, maar kon Jesus ook nie openlik volg nie.

15:44

Pilatus was verras omdat Jesus so gou gesterf het, daarom het hy 'n soldaat gevra om dubbel seker te maak dat Hy wél dood was. Daar is vandag mense wat sy opstanding in twyfel trek en so ver gaan om te beweer dat Hy nooit gesterf het nie. Sy dood is egter deur die soldaat bevestig en ook deur Pilatus, Josef. die geestelike leiers én die vroue wat gesien het hoe Hy begrawe word. Jesus het waarlik na die liggaam aan die kruis gesterf.

15:46

Hierdie graf was waarskynlik 'n grot-kamer wat deur mense in diekant van 'n heuwel gegrawe is. Dit  was so groot dat 'n mens daarin regop kon staan. Josef het Jesus se liggaam toegedraai, dit in die graf geplaas en ‘n groot klip voor die opening van die graf gerol. Die Joodse geestelike leiers het ook seker gemaak dat Hy waarlik dood was. Hulle het wagte buite die graf laat staan en die klip verseël om te verseker dat niemand sy liggaam sou steel en die mense dan probeer oortuig dat Hy uit die dood uit opgestaan het nie (Matt 27:62-66).

15:7

Dié vroue kon nie veel doen nie. Hulle kon Jesus nie voor die gaan verdedig nie; hulle kon niks teen Pilatus sê nie, ook nie die Romeinse soldate oorrompel nie. Hulle het egter gedoen wat hulle kon. Hulle het by die kruis gebly nadat die dissipels gevlug het en saam met Jesus se liggaam na die graf gegaan. Hulle het die geleenthede wat aan hulle gebied is, benut.